AFRIKAANS

TWEEDE ADDISIONELE TAAL

VRAESTEL 2

GRAAD 11

Mei/Junie 2010

TYD: **2 UUR**
PUNTE: **80**

MOTHEO DISTRIK

INSTRUKSIES EN INLIGTINGSBLADSY

- Hierdie vraestel bestaan uit DRIE AFDELINGS:

AFDELING A: Opstel: 40 punte

AFDELING B: Langer Transaksionele Teks : 20 punte

AFDELING C: Korter Teks: Transaksioneel/Naslaan/ Informatiewe: 20 punte

- Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling
- Skryf in die taal wat geassesseer word.
- Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
- Jy moet beplan (bv. 'n kopkaart, vloeidiagram, diagram, sleutelwoorde, ens.), redigeer en jou skryfstukke proeflees. Die beplanning moet VOOR die opstel wees.
- Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek 'n streep deur die beplanning as jy jou finale weergawe klaar oorgeskryf het.
- Jy word sterk aanbeveel om 60 minute aan afdeling A te bestee, 30 minute aan afdeling B en 30 minute aan afdeling C
- Nommer elke teks soos wat dit op die vraestel genommer is.
- Voorsien elke teks van 'n gepaste titel/opskrif.
- LET WEL: Die titel/opskrif word nie in aanmerking geneem as die woorde getel word nie.
- Skryf netjies en leesbaar.

Afdeling A: Vraag 1

- Kies EEN vraag en skryf 180-200 woorde oor die onderwerp.
- Gee bewys van beplanning en redigering.
- Dui die: FINALE SKRYFSTUK duidelik aan.

1.1 2010! Ek sal by die wêreldbeker wees!

[Clip Art]

Dink aan:

- Hoekom jy daar sal wees.
- Watter wegstryde jy gaan bywoon.
- Wie jy gaan wen en hoekom.
- Vertel watter span jy gaan ondersteun (support) en hoekom.

OF

1.2 Die dag wat ek nooit sal vergeet nie.



Iets het eendag gebeur en jy sal dit nooit vergeet nie. Vertel wat dié dag gebeur het.

Dink aan:

- Wat gebeur het.
- Wanneer dit gebeur het.
- Waar dit gebeur het.
- Hoekom jy dit nooit sal vergeet nie.
-

OF

1.3 Ek sal hom of haar nooit vergeet nie.

Jy ken iemand wat jy nooit sal vergeet nie. Die persoon is jou held. Beskryf hierdie persoon.

Dink aan:

- Wie die persoon is.
- Hoekom jy hierdie persoon nooit sal vergeet nie.
- Wat hierdie persoon alles vir jou gedoen het.

OF

1. 4 'n Ware storie oor twee vriende

Jy ken 'n storie oor twee vriende wat jou 'n les geleer het. Vertel hierdie storie.

Dink aan:

- Wie die twee vriende is.
- Wat met hulle gebeur het.
- Watter les jy by hulle geleer het.

1.5 Kies EEN van die prente en skryf 'n opstel daaroor.

1.5.1



OF

1.5.2



OF

1.5.3



OF

1.5.4



Totaal Afdeling A: 40

AFDELING B: Vraag 2: LANGER TRANSAKSIONELE STUKKE

- Kies EEN vraag en skryf 80 – 100 woorde oor die onderwerp.
- Daar moet bewys van beplanning in jou antwoordboek wees.
- Dui jou finale skryfstuk duidelik vir assessering aan**.**

2.1 **VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

Jy wil baie graag na een van die wêreldbeker wedstryde gaan kyk.

Skryf ’n brief aan jou ma en pa en vra vir hulle geld om ’n kaartjie te koop.

OF

2. 2 **FORMELE BRIEF**

Die sokkerspeler Steven Pienaar het julle skool besoek en met julle kom praat.

Skryf ’n brief aan hom en bedank hom vir die goeie toespraak om die leerders te motiveer om aan sport deel te neem

Dink aan:

- Sê vir hom dankie vir die besoek aan die skool,
- Redes hoekom die toespraak so goed was.
- Hoekom die toespraak julle gemotiveer het om aan sport deel te neem

OF

2.3 **DIALOOG**

Jy het ’n vriend/in wat verslaaf is aan dwelms. Jy praat met hom/haar daaroor en waarsku teen die gevare van dwelms.

Skryf julle gesprek in dialoogvorm neer.

Begin jou dialoog soos volg:

Jy: Ek wil met jou oor ’n baie belangrike ding praat.

Vriend: En wat is dit nogal?

Jy: _____

OF

2.4 **VERSLAG**

Die graad 11-klas het ’n projek gehad om die straatkinders in julle strate te help.

Skryf ’n verslag aan die skoolhoof oor hierdie projek.

Dink aan:

- Wanneer die projek was.
- Wat julle gedoen het.
- Hoe goed die projek was.

Totaal Afdeling B: 20

AFDELING C: VRAAG 3 KORTER TEKS: TRANSAKSIONELE-, NASLAAN- EN INFORMATIEWE TEKSTE

- Kies EEN vraag en skryf 60 - 80 woorde oor die onderwerp.
- Daar moet bewys van beplanning en redigering wees.
- Dui jou finale skryfstuk duidelik vir assessering aan.

3.1 **POSKAART**

Jou suster is in Graad 12 en skryf hierdie kwartaal die groot eksamen. Skryf 'n poskaart aan haar en wens haar voorspoed (good luck) vir die eksamen toe.

OF

3.2 **INSTRUKSIES**

Jou sussie weet nie hoe om tee te maak nie en jy wil haar leer. Kyk baie mooi na die prentjies hieronder en skryf dan 10 sinne vir haar oor hoe om tee te maak.



3.3 **UITNODIGINGSKAARTJIE**

Die graad 11-klas hou 'n konsert vir die skool. Maak 'n uitnodigingskaartjie vir die prinsipaal na die konsert.

Dink aan:

- Wanneer?
- Waar?
- Wat?
- Wie?

Gee ook 5 redes hoekom die prinsipaal na die konsert moet kom.

Totaal Afdeling C: 20
TOTAAL VRAESTEL 2: 100